



Projek Josua

"Ek en my huis, ons dien die Here"
Josua 24:15

Handleiding vir Huisgodsdienst

Gebasseer op
"Family Worship" (Family Guidance Series)
deur **Joel R. Beeke**

Saamgestel deur
Ds JG van der Watt
NG Gemeente Vrede-Wes

Projek Josua

Projek Josua is 'n gemeentebedienningsaksie waardeur ons gesinshoofde en hulle gesinne wil toerus en bystaan in die vestiging en instandhouding van bepaalde **geloofsgewoontes**; waaronder **huisgodsdien** en **gebed** die belangrikste fokuspunte is.

Ons wil gesinshoofde oproep en uitdaag om deel te word van hierdie inisiatief deur hulself te verbind tot die Godgegewe roeping en taak om **huisgesinne van God** op te rig. Dat hulle sal ópstaan en úitstaan vir Christus deur soos Josua; namens hulself en hul gesinne, te verklaar: "*Ek en my huis, ons sal die HERE dien!*"

Inhoudsopgawe:

Waarom Huisgodsdienst?

Josua 24:15—Ons vertrekpunt!

Praktiese riglyne vir die implimentering van Huisgodsdienst

Moenie verskonings soek nie!

Gebed vir ons pa's

Waarom Huisgodsdienst?

Die eenvoudigste antwoord op hierdie vraag is : **Dit is 'n Bybelse opdrag!**

In **Deuteronomium 6** lees ons die volgende:

4"Luister, Israel, die Here is ons God, Hy is die enigste Here. 5Daarom moet jy die Here jou God liefhê met hart en siel, met al jou krag. 6"Hierdie gebooe wat ek jou vandag gegee het, moet in jou gedagtes bly. 7Jy moet dit inskerp by jou kinders en met hulle daaroor praat as jy in jou huis is en as jy op pad is, as jy gaan slaap en as jy opstaan. 8Jy moet dit as herinneringsteken vasbind aan jou hande, en dit moet 'n merk op jou voorkop wees. 9Skryf dit op jou deurkorsy en op jou stadspoorte..."

By die **Doopfont** belooft ons as ouers ook die volgende:

"Om te bevestig dat u die doop vir hierdie doel gebruik en nie uit gewoonte of bygelowigheid nie, moet u opreg op die volgende vrae antwoord: ...

*Ten derde: **Beloof u om hierdie kind, van wie u vader en moeder (of voog) is, in dié leer na dié beste van u vermoë te onderrig en te laat onderrig?"***

Geliefdes, elke Gemeente van Christus begeer om te groei — te groei in toewyding en diens! En die resep vir dié droom om waarheid te word lê in ons; as ouers; se hande. Wié sal ons kinders van die genade en liefde en almag van God Drie-Enig vertel as óns dit nie doen nie!?

Dikwels vra mense vir mekaar: **"Waarom lyk die wêreld soos dit lyk?** Waarom is die Kerk aan die kwyn?" Die antwoord lê in ons huise; want *'as goes the home, so goes the church, so goes the nation...'*

Spreek 29:18 lui:

"Waar die wil van die Here nie bekend gemaak word nie, verwilder 'n volk; dit gaan goed met elkeen wat die wet van die Here onderhou..."

En Hosea 4:6 sê:

"My volk gaan onder omdat hulle nie aan My toegewy is nie..."

Hierdie woorde mag nie waar wees van die lidmate van die NG Gemeente Vrede-Wes nie. Joel Beeke vertel dat die Here dikwels die huisgesin — as kerk in die klein — as kragtige instrument gebruik in van die geskiedenis se grootste en ingrypendse geestelike herlewings op record! Laat ons verenig in ons toewyding en diens aan die Here! Laat ons groei in die geloof en goeie werke en saam met Josua van ouds uitroep: **"Ek en my huis, ons sal die Here dien!"**

Josua 24:15—Ons vertrekpunt:

As ons Josua se woorde in Josua 24:15 wil gebruik as vertrekpunt vir ons gemeente se **PROKEK JOSUA** dan is die belangrikste vraag wat ons moet antwoord:

"Wat beteken dit om die Here te DIEN...?"

Wanneer Josua hierdie verklaring voor die volk uitroep het hy wel bedoel dat hy en sy huismense sal streef daarna om die Here in alle sfere van hul daaglikse lewe te eer en dien - om Hom op alle terreine van hul dag tot dag bestaan te verheerlik. Die woorde van die Apostel Pasulus help ons om hierdie gedagte te verwoord:

"Wat julle ook al doen, doen dit van harte soos vir die Here en nie vir mense nie..." (Kol. 3:23) *"Of julle eet en of julle drink of wat julle ook al doen, doen alles tot eer van God"* (1Kor10:31).

Maar; daar is ook 'n ander deel van DIENS AAN GOD wat gestalte kry in sekere en spesiale dade van aanbidding en lofprysing. Hier luister ons weer na die woorde van Josua se voorganger, Moses as hy in Deuteromium 6 sê: *"6Hierdie gebooie wat ek jou vandag gegee het, moet in jou gedagtes bly. 7Jy moet dit inskerp by jou kinders en met hulle daaroor praat as jy in jou huis is en as jy op pad is, as jy gaan slaap en as jy opstaan. 8Jy moet dit as herinneringsteken vasbind aan jou hande, en dit moet 'n merk op jou voorkop wees. 9Skryf dit op jou deurkorsy en op jou stadspoorte..."*

Hierdie inskerp van kennis oor God en die herinnering aan Wie God is gaan gepaart met 3 belangrike elemente:

1. DAAGLIKSE ONDERRIG IN DIE WOORD VAN DIE HERE:

Hoe sal ons kinders die waarhede van Godswoord leer ken as ons hulle nie daarin begelei en onderrig nie? Ons kinders moet die verhale van die Bybel ken! Hulle moet sekere Skrifgedeeltes memoriseer soos bv. Die **Onse Vader** Gebed in Matteus 6 en **Psalm 23:1** *"Die Here is my Herder, niks sal my ontbreek nie"* Hul vrae moet beantwoord word deur middel van die Woord van God. Dit word uiteindelik die anker wat hulle lewe rig - *"Gee leiding aan 'n jongmens oor hoe hy moet leef, en hy sal ook as hy al oud is nie daarvan afwyk nie..."* (Sprenke 22:6) Lees die Bybel en leer jou kind om die Bybel te lees. Praat oor die Woord van God en sorg dat dit in hul harte en gedagtes leef! *"Daar staan geskrywe: "'n Mens leef nie net van brood nie, maar van elke word wat uit die mond van God kom."* Laat jou kinders toe om die LEWE te ontdek - en dít in oorvloed!

"8Die woord van die Here is volmaak: dit gee lewe. Die onderwysing van die Here is betroubaar: dit gee wysheid aan dié wat nog onervare is. 9Die bevel van die Here dui die regte koers aan: dit bring blydschap. Die gebod van die Here is helder: dit gee insig. 10Die eise van die Here vir sy diens is goed: dit staan altyd vas. Die bepalinge van die Here is reg: elkeen van hulle is regverdig. 11Hulle is kosbaarder as goud, selfs as baie goud, soeter as heuning, as druppels uit 'n heuningkoek.

12U dienaar laat hom daardeur leer. Wie dit alles onderhou, groot is sy beloning."
(Psalm 19:8-12)

*"Hoe kan 'n jongmens sy lewe skoon hou? Deur hom te hou aan u woord!" "U woord is die lamp wat my die weg wys, die lig op my pad."***(Psalm 119:9, 105)**

2. DAAGLIKSE GEBED VOOR DIE AANGESIG VAN GOD:

Die Apostel Jakobus leer vir ons baie kosbare waarhede aangaande Gebed -

" 'n Mens moet gelowig bid en nie twyfel nie..." (Jak. 1:6) "As julle bid, ontvang julle nie, omdat julle verkeerd bid: julle wil net julle selfsugtige begeertes bevredig..." (Jak. 4:3) "Nader tot God en Hy sal tot julle nader..." (Jak. 4:8) "As daar iemand onder julle is wat swaar kry, moet hy bid. As daar iemand is wat opgeruimd is, moet hy lofliedere sing... Die gebed van 'n gelowige het 'n kragtige uitwerking..." (Jak. 5:13,16).

Die kortste vers in die Bybel is **1 Tessalonisense 5:17** - *"Bid gedurig!"*

In **1 Timoteus 2:1** dring die Apostel Paulus by die jong Timoteus aan dat daar in die eerste plek gebed moet word. Op 'n ander plek skrywe Paulus: *"Moet oor niks besorg wees nie, maar maak in alles julle begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend..."***(Fil. 4:6)**

'n Huis sonder gebed, is g'n huisgesin van God nie! Vaders wat bid én vóór hulle vrouens en kinders bid en vír hulle gesinne bid; is die grootste geskenk en die mooiste nalatenskap wat hulle hul kinders kan gee.

In die gebed erken ons ons **afhanklikheid** van God, verwoord ons ons **vertroue** in Hom en Hom alleen. In die gebed besing ons Sy **lof** en **dank** ons Hom vir alle goeie gawes. In die gebed maak ons ons diepste **hartsbegeertes** aan Hom bekend en vra ons vir **leiding** en **wysheid** op ons pelgrimstog van geloof.

In **Lukas 11:1** lees ons hoe die dissipels vir Jesus gevra het: *"Here, leer ons bid..."* Jakobus leer: *"As een van julle wysheid kortkom, moet hy dit van God bid, en Hy sal dit aan hom gee, want God gee aan almal sonder voorbehoud en sonder verwyt..."* **(Jak. 1:5)** en Jesus leer: *"Vra, en vir julle sal gegee word; soek, en julle sal kry; klop, en vir julle sal oopgemaak word..."* **(Matteus 7:7)**. Vra God om jou deur Sy Heilige Gees te begelei in die gebed en om jou te leer hóé om te bid - dis 'n gawe tot verkwikking van elkeen wat dit beoefen se siel.

3. DAAGLIKSE LOFPRYSING TOT EER VAN GOD:

"'n Stem van gejubel en van heil is in die tente van die regverdiges: die regterhand van die Here doen kragtige daade!" (Psalm 118:15 '33/'53)

"U die Heilige wat woon onder die lofsange van Israel!" (Psalm 22:4 '33/'53)

"Juig tot eer van God, o ganse aarde! 2Besing die eer van sy Naam, maak heerlik sy lofsang!" (Psalm 66:1&2 '33/'53)

"...laat die Gees julle vervul, 19en sing onder mekaar psalms, lofgesange en ander geestelike liedere; sing met julle hele hart tot eer van die Here..." (Efesiërs 5:18-19)

"Met dankbaarheid in julle harte moet julle psalms,lofsange en ander geestelike liedere tot eer van God sing." (Kol.3:16)

"As daar iemand is wat opgeruimd is, moet hy lofliedere sing." (Jak. 5:13)

"3Prys Hom met die ramshoring, prys Hom met harp en lier! 4Prys Hom met tamboeryn en koordanse, prys Hom met snaarinstrumente en fluite! 5Prys Hom met simbale, prys Hom met galmende simbale! 6Laat alles wat asemhaal, die Here prys! Prys die Here!" (Psalm 150:3-6)

"Sing 'n nuwe lied tot eer van die Here, sing tot eer van die Here, almal op aarde!" (Psalm 96:1)

"Prys die Here! Sing 'n nuwe lied tot eer van die Here, sing tot sy lof in die vergadering van sy troue dienaars..." (Psalm 149:1)

"Sing 'n nuwe lied tot eer van die Here, want Hy het magtige daade gedoen, deur sy krag en Goddelike mag het Hy oorwin..." (Psalm 98:1)

Waar daar gesing word tot eer van God, daar is die Here teenwoordig en beweeg Sy Gees tussen mense! Méér Skrifgetuienis en Goddelike aansporing daartoe as hier bó is nie nodig om die belagrikheid van Lofprysing en Aanbidding onder die kinders van God te bevestig nie. Wie vol is van die Heilige Gees sál sing! Musiek en sang is 'n gawe uit Gods hand wat ons denke oor Hom en ons sprake van Hom na 'n ander vlak verhef. Deur die groot heelal ruis daar van alle eeue af 'n lied... 'n Lied van die skepping tot Eer van sy Skepper! En wat 'n voorreg om - as mens - die voorsanger te kan wees; óók in ons huise! Ons diepste en mees egte belydenisse oor God lê in die liedere wat ons sing.

Om te sê: **"Ek en my huis, ons sal die Here dien!"** is om die opdrag te aanvaar dat jy die **Woord** van die Here sal inskerp, in **gebed** sal kniel en 'n **loflied** as herinnering aan Wie God is sal sing, in jou huis, as jy opstaan en as jy oppad is - tot eer van God!

Praktiese riglyne vir die implimentering van Huisgodsdien:

Die WAT? WAAR? WANNEER? En HOE? van Huisgodsdien...

Vorbereiding: NB! NB! NB!

Vóór enige iets anders, is voorbereiding in gebed van groot waarde. Die hoof van die huis moet in gebed tot God nader in dié vertroue dat die Here die huisgodsdien sal seën. Dán eers kan die vrae oor die Wat? Waar? Wanneer? en Hoe? oor die hou van huisgodsdien in afhanklikheid van die Here, één vir één, as volg beantwoord word:

WANNEER?

Besluit wanneer julle as gesin huisgodsdien sal hou. Veral met ouer kinders in die huis, kan die sinkronisering van alle familieledes se programme uitdagend raak, maar dit mag nie as verskoning gebruik word om nie saam as gesin huisgodsdien te hou nie!

Die ou King James vertaling van Psalm 63:1 lui: "My God; early will I seek thee..." en in Psalm 134 sing die volk: Kom, prys die Here, julle almal wat Hom dien, julle wat in die nag in die tempel van die Here staan! 2Hef julle hande in gebed op na die heiligdom en prys die Here!" Oggend én Aand is die ideaal. Dit is egter beter om eenmaal per dag sinvol bymekaar te kom rondom Godswoord as om 2 maal die saak af te jaag?

WAAR?

Die beste plek is natuurlik die etenstafel. Dis by die etenstafel dat families bymekaarkom. In ons hedendaagse gejaag is vasgestelde etensstye aan tafel in baie huise egter ook 'n gebruik wat hervestig sal moet word. Belangrik om te besef dat dít nie as verskoning gebruik mag word nie.

In die oggend as mens wakker word en/of snags as almal bedwaarts keer, sal ook egter 'n geskikte tyd wees. Dis 'n goeie tyd om almal, vóór hulle in hul eie rigtings gaan vir die dag, óf net voor almal inkruip vir 'n goeie nagrus, sommer op ma en pa se groot bed saam te kom en huisgodsdien te hou.

WAT?

Besluit vooraf watter Skrifgedeeltes gelees gaan word. Dis egter belangrik om nie rond te spring en net hier en daar losstaande versies te lees nie. 'n Goeie vertrekpunt is om daaglik 'n hoofstuk uit die Ou Testament, 'n hoofstuk uit die Nuwe Testament en 'n Psalm te lees.

Nie almal is voorstaanders van Kinderbybels nie, alhoewel dit 'n baie goeie hulpbron kan wees as dit kom by die aanleer van Bybelverhale by Kleiner kinders. Sorg net dat die Kinderbybel wat jy gebruik van 'n betroubare skrywer/vertaler af kom. Lees ook sover moontlik die verhale in kronologiese volgorde.

Vir ouer kinders kan daar bv. op die Gelykenisse en/of Wonderwerke van Jesus gefokus word. Hulle kan belangrike verse aanleer en memoriseer. Later kan dit

ook goed wees om die 10 Gebooe, die Onse Vader Gebed en die Apostoliese Geloofsbelydenis as gesin aan te leer. Die doel is uiteindelik om ons en ons kinders se gedagtes en harte te vul met die Woorde van God!

Dit is van groot belang en 'n saak wat met baie erns bejeen moet word, en dit is dat ons en ons kinders móét leer bid! Dis goed om aanvanklik gebede aan te leer en kinders op dié wyse gemaklik te maak met die gebedshandeling, maar daar is seker elemente en boustene van die gebed wat mettertyd deel moet word van die gebedslewe soos bv. toenadering, skuldbelydenis, smeekgebede, danksegging en lofprijsing. Die doel is uiteindelik om al hierdie elemente in spontane gebede vanuit ons harte en dié van ons kinders te laat voortvloei.

Sing ook saam! Onthou jy die kinderliedjies uit jou kleintyd? Soek hulle weer op, stof hulle af en leer hulle vir jou kinders! Daar is hierdie algemene mening dat samesang net vir die skool en die erediens en ander byeenkomste bedoel is - hoekom nie in die gesin nie? Ons is ryk aan die mooiste en mees Skrifgetroue liedere denkbaar! Over die Bybelse opdrag uit en sing psalms en lofliedere tot eer van ons Koning saam met jou gesin.

HOE?

In die hele handeling van huisgodsdienst is daar die volgende goue reëls:

- **Hou dit eenvoudig.** Ons brand soms vas omdat ons dit meer ingewikkeld maak as wat dit eintlik is.
- **Betrek elke lid van die gesin.** Niemand mag voel dat hy/sy maar net daar is om die getal vol te kry en die verrigtinge agter die rug te kry nie.
- **Wees relevant** met die toepassing en interpretering van die teks; met ander woorde: ken jou kinders! sodat jy die regte lewensles op die regte tyd uit Godswoord kan haal.
- **Wees liefdevol en warm** tydens jou gesprekke. Dink altyd aan hóé Jesus met Sy dissipels gepraat en gekommunikeer het.
- **Wees natuurlik en opreg** - waak daarteen om onnatuurlik te praat en bid. Die eie jy is die een wat gaan deurdring tot jou kinders se harte.
- **Wees ferm** oor die erns van die saak. **Vereis die aandag** wat nodig is om die waarheid van die Skrif in te neem. **Kweek die regte gedrag** deur herhaling van die reëls. Kinders mag onder **geén** omstandighede die indruk kry dat aanbiddingsgeleenthede 'n **ligsinige aangeleentheid** is waarby nêr volwassenes baatvind nie.

Verskonings! Verskonings!

Moenie redes soek om níé Huisgodsdienst te hou nie!

Ons dink baie verskonings en redes uit waarom huisgodsdienst níé prioriteit kan wees nie. Die maklikste (en die flouste) verskonings klink só:

Ons het nie tyd om huisgodsdienst te doen nie!

Vriende, ons het bitter baie tyd vir al die ander 'nie-só-belangrike-dinge' - vir pret en plesier, skool, werk, vakansie en vriende; waarom kyk ons die belangrikste

mis? Waarom is ons eie en ons kinders se ewige en geestelike welstand só laag op ons lysie? Dr. Willie Marais het op 'n keer gesê: "*Ons moet waak daarteen om nie besiger te wees as wat die Here Jesus bedoel het dat ons moet wees nie...*"

Ons gesin is te klein!

Jesus het gesê: "*...waar twee of drie in my Naam saam is, daar is Ek by hulle*" (Matt.18:20).

Ek kan nie goeie leiding neem nie!

Die groot geheim in hierdie geval is: begin net! Lees 'n Bybelgedeelte, bid saam, antwoord 'n vraag of twee so goed jy kan. Die Heilige Gees rus graag 'n gewillige en opregte hart toe met dit wat nodig is. As dit vir God belangrik is dat ons ons families in gebed en lering moet begelei, sal Hy ook toesien dat dit gebeur deur die gawes van die Heilige Gees.

Daar is nog vele ander verskonings daar buite, bv. "*ons gesin is te divers om werklik baat te vind by huisgodsdienst*" en "*daar is gesinslede wat nooit sal deelneem nie*" of "*ek kan nie 'n not hou nie.*" En in die proses laat ons die vrug en die seën, die vervulling en die waarheid van Godswoord by die deur van ons huis.... Versuim ons ons plig en verontagsaam ons 'n Bybelse opdrag! **Moenie verskonings soek nie** - as jy eers begin het om hulle te maak, bly een van die kosbaarste handeling agterweë. Vir ons, om die seën van die Here te ervaar is **konsekwentheid en die volgehoute vestiging en kweek van die geloofsgewoonte van Huisgodsdienst en gebed die sleutel tot sukses.**

Die gebed van 'n vader

Laat diegene wat met my in tere bande verenig is, kosbaar wees in U oë,
en toegewy aan U heerlijkheid.
Heilig my en laat my huistoewyding,
my huishoudelike onderrig,
my huishoudelike dissipline,
my huislike voorbeeld
voorspoedig sal wees, dat my huis 'n kwekery vir die hemele sal wees...
en 'n kerk in die kleine soos die tuin van die Here,
verryk met bome van geregtigheid deur U geplant tot u heerlijkheid.
Laat diegene in my familie nie eindelijk te kort skiet aan die hemelse gawes nie,
maar gee dat my belowende teenwoordigheid
van sagte gewete,
van sagte hart,
van die krete en die genot van U Woord
nie uitgewis word nie.
Laat dit oordeel tot oorwinning in almal wat ek liefhet se lewe.

Amen

(ou 17de eeuse gebed)

Let those that are united to me in tender ties be precious in Thy sight, and devoted to Thy glory. Sanctify and prosper my domestic devotion, my domestic instruction, my domestic discipline, my domestic example, that my house may be a nursery for heaven and a church as the garden of the Lord, enriched as trees of righteousness of Thy planting for Thy glory. Let not those in my family fall short of heaven at last, but grant that my promising appearances of tender consciences, of soft hearts, of the alarms and delights of Thy Word may not be blotted out, but may bring forth judgment unto victory in all those whom I love. Amen

